



STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel VII.

15 AUGUSTUS 1952

No. 7.

A.S.B.-KONGRES VERVUL MET IDEALISME

Reorganisasieplan Aangeneem

„Die grondleggende betekenis van die pas afgelope kongres van die A.S.B. is dat aldaar weer bewys is dat die Afrikanerstudent nie moed verloor het om sy taak in Suid-Afrika te vervul nie. Ondanks veel teëslae in die verlede is die gees gekenmerk deur 'n frisse optimisme, in kragtige volharding om die A.S.B. as 'n omvattende interuniversitêre organisasie te laat funksioneer” het mnr. Willem de Klerk die pas afgetrede President van die A.S.B. verklaar.

Vanaf 4 tot 8 Augustus het die A.S.B. sy jaarlikse kongres te Bloemfontein gehou waar 8 inrigtings deur 40 lede bygewoon was. Die kongres was uiters geslaagd en die lewendige besprekings het die kongres deurgaans gekenmerk.

• Wellie se meisie afge„speed” het buitehuis toe.

Reorganisasie.

Die hooftema van die besprekings was gemik op 'n reorganisasieaksie wat in werking gestel moet word om die liggaam meer doeltreffend te maak. Die beplande reorganisasie skema het nie veel ingrypende verandering in die bestaande ratwerk teweeg gebring nie maar daar is meereendeels beoog om 'n heger eenheid deur sentralisasie in die organisme van die A.S.B. te werkstellig.

Permanente Kantoor.

Die belangrikste stap in hierdie rigting was die besluit van die Kongres dat die Hoofbestuur sou ingaan op die moontlikhede vir die oprigting van 'n sentrale permanente kantoor met 'n voltydse of deeltydse sekretaris-organiseerder. Die nuwe hoofbestuur het baie konkrete wenke van die kant van die kongres in hierdie verband ontvang, wat hulle ondersoek sal vergemaklik en die spoedige verwerkliking van hierdie ideaal 'n groot stoot vorentoe gegee het.

Die doel van die aanstelling van 'n permanente of tydelike sekretaris organiseerder sal nie alleen wees om die A.S.B.-werkzaamhede te koördineer en sentraliseer nie maar ook om die organisasiewerkzaamhede wat tot dusver grotendeels op die skouers van die studente in hulle spaartyd gerus het, te verlig.

(Vervolg op bls. 4, kol. 3).

21 JAAR OUD

Op 30 September hierdie jaar vier die bekende Voortrekkerbeweging sy mondigwording te Bloemfontein. By hierdie geleentheid vreugde-vure, 'n fakkelloop en 'n groot laer te Bloemfontein georganiseer word. 'n Pragtige feesprogram is alreeds beskikbaar aan belangstellers.



MNR. W. J. DE KLERK,
pas afgetrede President van die A.S.B.

THALIA STEEK JAN PIEREWIET DIE LOEF AF.

Gedurende die Julievakansie het Thalia en die Jan Pierewiet-geselskap van Maties in 'n stryd gewikkel geraak, wat ontplooi het tot 'n klinkende oorwinning vir die Pukke. Op hulle hele roete deur Noord- en Oos-Transvaal is die toergeselskap van Thalia voorafgegaan deur 'n geselskap Maties, wat van vier tot tien dae voor die Pukke was.

Hoewel hierdie situasie beslis die finansiële aspek van die toer beïnvloed het, het dit meegehelp om die Pukke instaat te stel om aan die buitewêreld te toon wat in hulle steek. Die publiek het die geleentheid gehad om 'n duidelike vergelyking te tref tussen die aanbiedinge van die twee universiteite. Verskeie persone uit die publiek het die Pukke gelukgewens met die besondere wyse waarop hulle „Gif en Oujongnouiens” as 'n onvergeetlike laglekkertjie aangebied het. Dit

het spoedig duidelik geword dat die publiek besluit het dat een geselskap 'n kafferpak gekry het — en dit was nie die Pukke nie!

1. As lang telefoongesprekke 'n siekte was, was Stinie 'n hospitaal.
2. As „sights” 'n druppel water was, was Anette v.d. Walt die see.
3. As stroperigheid 'n vlieëvanger was, sou Bekkie 'n goeie afset gehad het.

Onder in 'n Myn



Die meegaande foto toon die Alabamalede honderd voet onder die grond in die kopermyne wat hulle tydens hulle besoek aan Messina besigtig het.

Foto: L. J. Potgieter.

Ooste ryp vir Rooi Gevaar

Verlede Vrydagaand het die Nederlandse sendinggeleerde Prof. dr. J. H. Bavinck 'n stampvolsaal tydens 'n Korpsvergadering toegesprek oor „Die ontmoeting tussen Weste en Ooste”. Met skerp lyne het Prof. Bavinck aangetoon hoe materialisme en sinkretisme die Ooste ryp vir kommunisme as verlossingsmiddel.

Die ou Oosterse mistiek wat van die Oosterling 'n uiters diepsinnige denker maak, word tans onder die Westerse invloed veruul vir oppervlakkige materialisme. „Die Oosterse mistiek hou die gedagte in dat die mens self sonder enige middelaar tot God kan opklim”, het prof. Bavinck gesê, maar vandag streef die Oosterling nie meer daarna nie. Hy het net sin vir die materialistiese sy van die lewe. Hierdie inspyeling van die materialisme ontwortel die Ooste van sy eeuoue tradisie en godsdienst met die gevolg dat die sinkretistiese godsdiensoopvatting geweldig veld wen.

„Die sinkretisme is die rigting wat van mening is dat alle godsdienste in wese tog een is—dit is maar net verskillende weë na dieselfde God” het Prof. Bavinck voortgegaan.

MOEILIKE TAAK.

Onder hierdie omstandighede het die Christelike Sendingaksie 'n geweldige moeilike taak om die evangelie onder hulle te laat posvat. Daar word veeleer na kommunisme as 'n aantreklike ongoddelike stelsel gegryp om van die tydelike nood verlos te word as om die Christelike geloof wat die ewige lewe inhou, te aanvaar.

Met die kenmerkende ge-

loofsvertroue van die ware Christendom het Prof. Bavinck sy toespraak afgesluit met die woorde: „maar breed teen die agtergrond van die ontwortelde Ooste staan Jesus Christus wat sy hande erbarmend na hulle uitbrei”.

TOERE VERLOOP STIL.

Vir die eerste keer in jare het beide die Alabama en die toneeltoer geen tranedal as nasleep gehad nie. Geen kys is gebreek of gevorm gedurende die genoemde toere nie.

Hierdie feit is sekerlik daaraan toe te skryf dat gekysdes gesorg het dat hulle albei aan die toer deelneem. Afsiesien hiervan kan met sekerheid beweer word dat die stilte op die toere nie baie te vertrou was nie. Uit vertroulike bronne is verneem dat die kat in meer as een geval 'n lelike knyp in die donker gekry het.

HOKKIE.

Met die onlangse proefwedstryde het Bart de Wet hom sodanig onderskei dat hy vir Wes-Transvaal gekies is. Dit is die tweede agtereenvolgende jaar dat hy hierdie onderskeiding vir P.U. behaal.

KLERASIE

vir die huisgesin

Alles wat u nodig het teen die
Laagste Pryse.

GROOT WAARDE!

KLEIN PRYSE!

Spesiale Behandeling vir
Skoliere en Studente.

BLACK EN KIE, BPK.

AFRIKAANSE
PERS-BOEKHANDEL

Kerkstraat, Potchefstroom

vir

STUDIEBOEKE EN
SKRYFBENODIGDHED

Direkte verbinding met
Oorsese Uitgewers.

“Steeds tot U Diens.”

Foon 363.

Bus 149.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE
WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

CLASSIQUE MODES

Steeds die

DEFTIGSTE MODESALON
van Potchefstroom.

W. J. SPAVINS
EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65,
POTCHEFSTROOM.

Gordenking.

Gen. 3: 21: „En die Here God
het vir die mens en sy vrou
rokke van vel gemaak en dit
hulle aangetrek”.

Namate die mens sy skaamtege-
voel verloor, word die sataniese
in hom openbaar.

Bloos ons nog?

Is die gebrek aan die blos op
die wange, nie dalk 'n teken dat
ons meer en meer afgestomp
word vir die sonde nie? Is dit
dan nie juis die gevoel van
skaamte wat die blos na die
wange jaag nie?

Hierdie gevoel van skaamte
openbaar hom die eerste keer
direk na die sondeval. Sodra die
mens gesondig het was die een-
heid tussen die gees en die vlees
verbreek. Die gees kom toe in die
mag van die vlees. Reinheid en
heiligheid moes wyk vir onheilig-
heid en sinnelus. Sodra die beeld
van God in die mens verduister
was, het die kleed van heerlik-
heid ook van die mens afgeval.
Dan bemerk die mens dat hy
naak is. Dan probeer Adam en
Eva hulle vir mekaar bedek.

Vandag spreek ons skaamtege-
voel nog dat ons eer verlore is.
Ons het 'n kleed nodig—ons moet
ons bedek vir ons naaste, vir die
wrede natuur en die sonde. Die

kleed is dus 'n ontroerende ge-
tuienis van ons val en diep ver-
nederling. Dit is deur die sonde
meegebring. Die naaktheid het
geroep na 'n kleed.

Toe wou die mens homself be-
kleed. Maar ag! hoe magteloos
was hy. Hoe ontoereikend was
sy kleed—'n skamele vyeblad.

Die kleed getuig van ons son-
de.

Maar, aan die anderkant getuig
dit ook van ons verlossing.

God gee die mens 'n rok van
vel om sy ganse liggaam te bedek
in teenstelling met die mens se
vyeblare. 'n Rok van vel—'n
bloedige offer dus om die mens
se naaktheid te bedek.

So is Christus se bloed vergiet
om ons sondes weg te neem en
ons te oorkleed met die kleed van
geregtigheid. Die kleed van
Adam wys dus heen na Golgotha
en was 'n belofte dat God die
mens sal oorkleed met die kleed
van geregtigheid.

Hoe sien ons dit vandag? Sien
ons die kleed bloot maar as 'n
versiersel wat ons na willekeur
kan verminder? Of sien ons dit
as 'n getuienis wat ons hele lig-
gaam bedek, en so 'n teken van
verlossing?

M. VENTER.

GEBED OP VERHOOG

Die Redakteur,
„Die Wapad”.
Geagte heer,

Op die afgelope A.S.B.-kongres te Bloemfontein is daar op die
toneelfees 'n drama opgevoer waarteen sterk beswaar gemaak moet
word. Ek doen dit in u blad sodat dit ook ander sentra sal bereik.
„Die Jammer Hart” van W. A.
de Klerk was o.a. daar op die
planke gebring.

Soos u weet, is die stuk 'n
dramatiese uitbeelding van 'n
moeder wat haar seuntjie ver-
moor het omdat hy na 'n-siekbed
as idioot sy lewe behou het. Sy
kon, deur haar jammergevoel
aangedrywe, sy nuttelose lewe nie
aansien nie. In haar sieleworst-
eling verontskuldig sy haar dan
voor God: „Hy sal haar ver-
gewe”. Dit word op 'n instem-
mende wyse gedoen. So word
moord uit onverdraagsaamheid,
in dié geval, verdedig en gepro-
pageer.

Verder word daar terwille van

die genot van die hoorders in
die toneelspel 'n openbare ge-
bed gedoen!

Dis dit nie in teen die
Christelike beginsels van die
A.S.B. nie?

Dis mos niks anders as open-
bare vloede wat deur die ge-
hoor goedgekeur word nie!

'n Mens kan nie anders as om
'n sterk protes daarteen te laat
hoor nie!

Die A.S.B.-lede moet beseft dat
ons hierdeur, as met 'n koubeitel,
ons Christelik Nasionale beginsel
stukkend kap!

Ek dank u vir die plasing.

F. N. LION-CACHET.

PORNOGRAFIE
ONDERMYN
ONS VOLK!

Meneer die redakteur,

Gun my die geleentheid om enkele gedagtes te wissel oor die
pornografiese lektuur en seksbeluste rolprente wat in oorgretige
massaproduksie aan die wêreld, en in die besonder aan my volk,
opgedis word om die begrippe van sedelikheid en reinheid te onder-
grawe; om die deur God daargestelde skeidslyne te misken; om die
skone verhouding tussen jongman en -meisie van daardie skugter-
heid en ingetoënheid te beroof en tot 'n losse, ongebonde en bekeer-
lose toestand te verander; om die ereplek van die vrou te verlaag
tot 'n slavin-posisie, waarin sy slegs 'n instrument tot bevrediging
van die onbeteuelde hartstogte van die man word.

Ek kan voortgaan ad infinitum,
maar ek volstaan met genoemde.
En hoe meer ek nadink oor die
oorsaak van hierdie beskouing
wat vreemd was aan die Afrika-
nervolk, des te meer kom ek tot
die gevolgtrekking dat dit vir 'n
baie groot deel te wyte is aan
hierdie verpestelike, sede-beder-
wende lektuur wat grootskaals
aangebied word. En hier dink ek
net aan prulwerke wat in my eie
land versprei word, laat staan
nog die sede-uitdagende werke
van oorsese lande!

Ek begin met boeke. Hier in
ons land bestaan uitgewers wat
kapitaalkragtig word deur die
verkoop van derderangse werke
aan verbruikers wat óf werklik
nie die gawe van onderskeiding
besit om die gevaar te beseft nie,
óf werklik gretig is om streling
vir hulle sinlike nature te verkry.
Hierdie uitgewers skryf boeke-
mas uit met stroperige name,
maar al hierdie skemas kan ver-
vat word onder een hoofopskrif:
pornografie. Sommige skrywers

Die Wapad.

15 AUGUSTUS 1952.

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

Hoofredakteur: P. J. W. Louw.

Tegn. Adviseurs: J. A. van Rooy, A. J. R. Vermeulen.

Verslaggewers: Mej. R. Ludorf (Sport), Mej. M. van Heerden (Alg.)
D. E. Erasmus (Sport), L. Coetzee (Alg.), J. J. Henning (Kuns)
F. P. R. de Bruyn (varia).

Administrasie: J. J. Bekker (voors.), P. du Plessis, J. Schutte,
P. Buys, D. Strydom.

A.S.B. 'N SEKSIONELE
ORGANISASIE?

Op die pas afgelope kongres van die Afrikaanse Studentebond
het daar bedenkinge teen die A.S.B. ingekom as dat dit geen be-
staansreg as inter-universitêre bond sou hê solank sy Christelik-
nasionale grondslag hom tot 'n seksionele organisasie maak nie.

Uit die besprekings en besluite van die Kongres het egter geblyk
dat dit geen noemenswaardige beswaar is nie.

Teoreties mag dit op die oog af lyk of die A.S.B. in daardie
opsig 'n innerlike teenstrydigheid besit: hy wil alle studente van
die Afrikaansmedium universiteite saam bind maar stel as 'n
voorwaarde in sy grondslag dat elke lid die Christelik-nasionale
beginsels sou onderskryf.

Prakties lewer dit egter geen probleem nie aangesien met
veiligheid aangeneem kan word dat die deursnee Afrikaanse student
nog die Christelik-nasionale beginsels onderskryf al sal dit soms in
die breedste sin van die woord wees. Dit is trouens kragtens hierdie
feit dat die Afrikaanse Studentegemeenskappe hulle nie tuis voel
in N.U.S.A.S. nie. So is die A.S.B. dan seksioneel as organisasie
maar bind die oorgrote seksies van die Afrikaanse studente in 'n
eenheid saam.

Sou 'n bond tussen die nie-N.U.S.A.S. universiteite ontstaan wat
hom NIE op 'n Christelik-nasionale grondslag stel nie, sou dit net
meebring dat ons óf soos N.U.S.A.S. onder die dekmantel van
neutraliteit tog ons eie beginsels (Christelik-nasionaal) voorstaan
en bevorder, of dit sou oorgaan in 'n blote administratiewe liggaam
wat te bang is dat hy gevoelens sal kwes as hy hom oor 'n saak wil
uitspreek.

As A.S.B. as inter-universitêre Bond sy krag en identiteit wil
prysgee, moet hy die woorde „Christelik-nasionaal” uit sy konstitu-
sie skraap. Maar alleen om hierdie grondslag te behou kan A.S.B.
sy gewichtige roeping en taak duidelik omlynd sien en vervul. Die
Christelik-nasionale grondslag is nie 'n band wat hom in sy doel-
stelling omklem en in 'n enge baan lei nie—intendeel die doel van
die organisasie is veel meer omvattend as die grondslag. Die A.S.B.
wil nie NET beginsels propageer nie maar stel hom op 'n omvat-
tende terrein tot diens van die Christelik-nasionale student al is hy
nog net in soverre Christelik-nasionaal dat hy hom nie tuis voel in
N.U.S.A.S. nie.

Van S.R.- Weë

Reeds het ons al 'n end gevor-
der op die laaste skof van ons
studente-aktiwiteite van 1952. Die
tyd van afsluiting nader vinnig.
Laat ons dus hierdie laaste
maand nie verslap nie, maar net
soos in die verlede ons volle ge-
wig ingooi om sodoende aan die
end op 'n suksesvolle jaar te kan
terugkyk.

* * *

TOERE.

Die Studenteraad wil sy geluk-
wensing uitspreek teenoor beide
die Alabama en Thalia vir die
sukses behaal gedurende die
toere van die afgelope vakansie.
U het weereens bewys met wat-
ter daadwerklikheid ons studen-
te kan optree. Baie dankie vir
al die opoffering wat u gemaak
het, om die toere suksesvol te
laat verloop.

DANIE ERASMUS.

Een van ons Studenteraadslede,
Mnr. D. F. Erasmus, het gedu-
rende die vakansie 'n operasie
ondergaan. Met dankbaarheid
het ons verneem dat dit baie
suksesvol afgegaan het. Ons wil
die hoop uitspreek dat hy spoed-
ig sal herstel om weer met sy
werkzaamhede te kan voortgaan.

* * *

GELUK!

Dit is vir my aangenaam om
die volgende persone namens die
harte geluk te wens:


1. Mnr. Grobler en Mej. Webb
met hulle verlowing.
2. Mnr. C. Malan en J. C.
Potgieter met hulle verkiesing op
A.S.B.-Hoofbestuur.

J. LIGTHELM
(Voorsitter).

MINISTER BEPLEIT REPUBLIEK

„Suid-Afrika se moeilike probleem van twee botsende blanke bevolkingsgroepe waarvan die een as die „verowerde” groep en die ander as die groep wat met die een voet in Suid-Afrika en die ander een in Engeland staan, kan beskou word, kan alleen deur ’n Republiek opgelos word”, het Minister Strydom op die jongs-gehoue A.S.B. programvergadering gesê voor ’n gehoor wat tussen 600 en 700 persone getel het.

Die Minister het daarop gewys dat daar verskeie redes is waarom ons in Suid-Afrika ’n repu-



Sy Ed. Adv. J. G. STRYDOM, Minister van Lande wat die plaaslike tak van die A.S.B. onlangs toegesprek het.

J. TOD SUTTIE

KOMplete

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.

127 Kerkstraat, Posbus 219 Foon 1
POTCHEFSTROOM

Ed. L. OOMS, N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT OË-TOETS OP WETENSKAP-LIKE GRONDSLAG.

KERKSTRAAT 129 (Nasionale Bank-gebou) Foon 980.

EIE OPTIESE SLYPERY. Depôt: Carlzeiss-Jena.

VIR—

Vis, Ertappels, Verversings ens.

WELKOM KAFEE

Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM

Dis u kafee, Studente

BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL

VIR BESTE DIENSTE.

Von Wiellighstraat 7, POTCHEFSTROOM.

KORPS BE-OOG PUBLIKASIE

’n Bedrag van £55 is in beginsel goedgekeur deur die Studenteraad om aan Korps vir ’n Calvinistiese publikasie toe te staan. Tans word met die universiteitsowerhede onderhandel om verdere finansiële steun. Die publikasie sal in die vorm van ’n Brosjüre jaarliks verskyn en sal ’n versamelwerk van verskillende artikels deur outoritêre wetenskaplikes geskrywe, wees. Daar word deur die Korpsbestuur beoog om aan hierdie onderneming ’n uiters vaste grondslag te gee deur onder andere konstitusionele bepalings te maak wat ’n gesonde finansiële basis en sekuriteit van ’n hoë gehalte aan die inhoud van die artikels daaraan te verleen vir minstens die volgende tien jaar.

(Vervolg van vorige kolom).

mgigheid tussen die verskeie bevolkingsseksies oor die saak bestaan. Om dit noual deur te voer mag reperkussies in die buiteland te weeg bring wat heel waarskynlik ekonomiese teenslae vir ons land ten gevolge kan hê.

PUKKE GELOOF DEUR ENGELSE PERS

„POTCHEFSTROOM STUDENTS HELP RHODESIAN VARSITY CAMPAIGN.—A friendly link between the Rhodesian University campaign and an established university in South Africa was achieved here last night when the Alabama concert party of Potchefstroom University, now touring the Rhodesias in aid of their own University building fund, gave part of the proceeds of their concert here to the Gwelo branch of the Rhodesian University Association.” aldus ’n berig wat in die „Sunday Times” verskyn het na die A.S.O. se besoek aan Gwelo.

Hierdie diep spoor wat die Pukke getrap het, het ook sy werk op die Rhodesiese Afrikaners gemaak toe een van hulle in „Die Volksgenoot” van 17 Julie ’n berig geplaas het met die titel: „Alabama-orkeste styf Rhodesiese fondse”.

Na 25 Junie was die rus en orde op die P.U.-gronde herstel, want Greyhound-102 het die pad gekies Rhodesië-toe en die lede van A.S.O. en hulle lawaai met hom saamgeneem. Dit sou egter nie lank neem voordat verneem is van die amok wat hierdie groepie Pukke begin maak het nie.

FINANSIES.

Die gehore wat die opvoerings van die Pukke bygewoon het, het goed vergelyk met dié wat getrek is na die verskeidenheidskonsert van die Maties. Intendeel; groter gehore het kans gesien om die Pukke te ondersteun omdat hulle toegangspryse laer was. Met ’n netto-wins, baie na aan £200, het Thalia sy vriende uit die suide ver verslaan. Na verneem word moes hulle glo maar kort-kort walgooi om te verhoed dat die uitgawes die inkomste oorskrei.

NOG MEER.

Die Wes-Transvalers kan op 15 Augustus op Sannieshof en 16 Augustus op Lichtenburg hierdie puik geselskap in aksie sien. Nieteenstaande moeilike omstandighede, moes die bestuur van Thalia gehoor gee aan „verskillende stemme wat in Oos-Transvaal opgegaan nadat die toer afgesluit is. Derhalwe is ’n naweek-toer vir 5 en 6 September gereël na Bethal en Ermelo respektieelik.

BRITS.

Brits is binne-geval en in die plaaslike blad aldaar word geskryf: „ALABAMA-ORKES VAN

DIE UNIVERSITEIT POTCHEFSTROOM—Gisteraand het die Alabama-orkeste van Potchefstroom die inwoners van Brits op ’n baie aangename manier vergas met Boeremusiek ens”.

Maar die Pukke toer verder en oral word vol sale getrek. Op sommige plekke was die sale te klein om al die geesdriftige luisteraars te bevat. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is Rusape. „Die Volksgenoot” van 9 Julie skryf: „DIE ALABAMA-ORKES VIND GROOT BYVAL—Saterdagmiddag het die Alabama-orkeste van Potchefstroom opgetree voor ’n besonder groot gehoor in die kerkzaal, Rusape. Baie mense moes omdraai!

„RHODESIAN UNIVERSITY WEEK”.

Toe die A.S.O.-geselskap op Gwelo aankom, was dit in die „Rhodesian University week” waartydens fondse ingesamel is vir hulle eie universiteit. Hier het die Pukke besluit om ’n bedraggie van die aand se opbrengs vir die doel af te staan. Dit is juis aan die roemenswaardige gebaar wat die „Volksgenoot” en „Sunday Times” wye publisiteit verleen het.

Paslik afgeskiet by die Victoria-Waterval en Louis Trichardt het ’n afgematte klomp Pukke tuisgekom. Afgesien van ’n klein ongelukkie waarin Mej. Flora Vium die kwaaieste moes deurloop, deel die toerleier mee dat alles uiters suksesvol en geseënd was. „Ons was net baie siek aan griep en verkoue dwarsdeur die toer en moes partymaal op die tande byt, agter die voetligte om nie om te val nie. Nogtans is daar baie om oor dankbaar te wees”, het die gelukkige toerleier, Mnr. Philip Snyman verklaar.

(Vervolg van bls. 2, kol. 3). wil die ingesonke seksuele lewe van ware karakters aan ’n lesende publiek voorhou. Omdat vooraf baie duidelik aangestip word dat dit ’n „eerlike poging is om die naakte werklikheid te ontvou”, het die skrywer vrye teuels om die liederlikste wanpraktyke, ja die seksuele daad self in sy grofste vorm te beskrywe. Kwan-suis om „onskuldige gemoedere” van soortgelyke oortredings te vrywaar!! Arme skrywer wat reken dat hy die sonde kan beveg (tenminste, as dit sy werklike doel is) deur die sonde aan die leser voor te stel! Arme leser wat reken dat hy moreel sterker staan as hy die naakte feite van ’n seksboek verorber het!

Ander skrywers wat nie so „eerlik” wil wees nie verkondig hulle verdraaide leerstellingen oor die liefde in soetsappige verhale en oor-romantiese boeke—lamelendige leesstof wat vir die jeug opgedis word en wat altoos eindig met ’n: „and they lived happily ever after”. Maar tussen die aanvangs- en eindwoorde van die boeke lê ’n wêreld van vryery, flirtasie, blinde hartstog, ontug, verlovings- en huweliksverbreking.

Maar nog skerper wil ek my uitlaat teen die tydskrifte wat in ons land verskyn. Waar ’n boek in die reël geen foto of tekening bevat nie (behalwe miskien die stofblad wat gewoonlik die half-ontblote bolyf van ’n vrou bevat), daar word die niks-werd tydskrif ryklik geïllustreer met tekeninge om die leser eers in die regte seksuele gesteldheid te bring of om die geskrewe

des te blywender op die slagoffer se gemoed af te druk. Ek wens ek kon die name van die tydskrifte noem wat onder die kategorie van prulwerke en varkerigheid val, maar volgens die bepalings in ’n demokratiese staat sou ek laster en vervolgbaar word.

’n Mens se hart krimp ineen as jy sien hoe hierdie tydskrifte deur oud en jonk verslind word. Watter geweldige indruk maak die naakte of halfnaakte vrouefigure en die suggestiewe omhel-sing van twee „verliefdes” tog nie op die gemoedere van die seun en meisie wat in hulle oorgangstadium is nie! Die skone ge-

(Vervolg op bls. 4, kol. 4).

KUPIDO.

Die kyste is stil. Aanbod styg op kysmark terwyl die aanvraag ’n geweldige daling toon.


Hiermee wens ons Mej. Lorette Webb hartlik geluk met haar verlowing met Mnr. Grobler, asook die volgende oud-studente wat die uiters gewaagde stap geneem het: Mej. B. du Toit met Mnr. O. Hart, Mej. S. Yssel met Mnr. P. Schutte en Mej. H. van Wyk met Mnr. J. Labuschagne. Hulle het vir ons die regte voorbeeld gestel wat sonder meer nagevolg sal word.

P. W. BUYS

U vertoonwoordiger van

REMBRANDT.

Koekstraat 28. Telefoon 897, POTCHEFSTROOM.



„Ek kan die kwaliteit in elke trek proe, daarom rook ek Rembrandt!”

M. L. FERREIRA.

Een van die drie „Orinoco”-bekerwenners 1952—aldrie rook Rembrandt!



Kopiereg



Gevierde Sanger.

Potchefstroom word hierdie maand vereer deur 'n besoek van die gevierde oorsese sanger, Laurens Bogtman. Hy tree op 22 Augustus in die stadsaal op en bied 'n konsert van populêre werke.

P.U. Musiekvereniging.

Die P.U. Musiekvereniging bied in die loop van die kwartaal 'n konsert wat by die gehoor besonder populêr behoort te wees. Twee bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars tree daarin op, naamlik die Pretoriase sangeres, Stephne Strauss, en Leslie Samuel. Volgens die programme is die konsert veelbelowend.

A.S.B.-Toneel.

Gedurende die afgelope A.S.B.-Kongres het daar weereens 'n toneelkompetisie plaasgevind waaraan Potchefstroom Onderwyserskollege, Stellenbosch en Oranje - Vrystaat universiteite deelgeneem het. Die hoof-kritikus Dr. Gerhard Beukes wat aan U.O.V.S. as lektor verbonde is, het die studente baie lof toegeswaai vir die hoë gehalte van spel wat gelever is. Vir die vierde agtereenvolgende jaar het Stellenbosch die beker gewen. Marietjie Liebenberg van Stellenbosch het die beker vir die beste damesspeelster verower terwyl Frikkie Uys van U.O.V.S. die mansbeker verower het.

Marietjie Liebenberg het die rol van „Bertha” in die toneelstuk „Sondag kos vyf pesos” 'n vertaalde Italiaanse eenbedryf, vertolk. Frikkie Uys het die beker verower vir sy meesterlike vertolking van die Willem Moolman-rol in „Piet se Tante”.

Studenterade Kom Ooreen

BLOEMFONTEIN.

Op 'n Studenteraadskonferensie van die geaffilieerde Studenterade van A.S.B. wat tydens die A.S.B.-Kongres te Bloemfontein sitting geneem het, is 'n lywige memorandum insake 'n eenheidsbeleid t.o.v. die kleurprobleem aange- neem. Die memorandum is in medewerking met S.A.B.R.A. op- gestel deur die Hoofbestuur en aan die Konferensie voorgelê. Met uitsondering van 'n paar wy- siginge is die hele memorandum punt vir punt met volle stemme deur die Konferensie goedgekeur. Die finale beslag sal aan hierdie beleidsverklaring gegee word na- dat elke verteenwoordigde Stu- denteraad dit ook goedgekeur het.

Ballet uit hoogste rakke!

Die publiek van Potchefstroom is Saterdagmiddag en -aand (9 Augustus) in die geleentheid ge- stel om 'n ballet-uitvoering by te woon toe lede van „The Festival Ballet Society” in die plaaslike stadsaal opgetree het.

Die aanbieding was deurgaans van hoogstaande gehalte, maar mens kon nie help om die be- sondere klem en innigheid wat die musiek aan die ballet verleen te mis by gebrek aan orkes be- geleiding nie, veral in die geval van werke van Delibes en Tschai- kovski.

Die uitvoering van die Beet- hoven walse, 'n toonbeeld van pragtige groepering en gra- sieuse beweging, het baie ap- plous uitgelok. Ook die kleur- ryke en ligte „Czardas” van Delibes, die „Portugese Visser- nooientjies” en „Polke Trio” was baie gewild.

„Die Danseres in die Geel Mas- ker” van Santoliquide was abso- luut uitstaande. Die eksotiese ritme van die musiek en die groterke bewegings van die dan- sers en danseresse het die atmos- feer pragtig geskep. Ons kan hier nie nalaat om die name van Stefan Niehaus, Sylvia Franklin en Basil Yeo, wat die hoofrolle gedans het, te noem nie.

Die hoogtepunt van die aand was ongetwyfeld die tweede bedryf van Tschaikovski se ge- wilde „Swanemeer”. Die uit- voering hiervan was van so 'n gehalte dat 'n mens dit moes sien om dit te waardeer. Die hele Corpse de Ballet het hulle uitmuntend van hulle taak ge- kwyd, maar veral Aileen Far- rell, as Odette, het voortreflik gedans.

Ons hoop voorwaar dat dit nie die laaste keer is wat die Festi- val Ballet Society hier 'n uit- voering sal kom gee nie.

PARKER EN KIE (EDMS.) BEPERK

Algemene Handelaars in Ysterware

Foon 30 Bus 245 POTCHEFSTROOM.

Besproeiings-masjinerie en Toe- rusting voorsien en opgerig.

Werk gewaarborg.

Plaasimplimente en onderdele. Gereedskap vir vakmanne.

Wapens en Ammunisie, Visge- reedskap, Kombuisgereedskap, 'sue 'sue

Neef Willem se Oom Hennie.

Die 4de jaar teologiese student, Willem de Klerk, se oupa-grootjie en 3de jaar B.Sc.-studente, Lau- rette Webb, se ouma is volgens die jongste navorsingsresultate broer en suster.

Dit beteken dat sodra Mej. Webb (Willem se tante) haar met mnr. Hennie Grobler (lektor in Grieks) in die huwelik begewe, Willem de Klerk in mnr. Grobler 'n oom ryker word.

HOOFBESTUUR NUWE A.S.B.

Op die onlangse-gehoue kongres te Bloemfontein is die nuwe A.S.B.-hoofbestuur soos volg saamgestel:

President: Dr. J. A. Theron (U.P.-Binnemuurs).

Vise-pres. (Dir. van Publi- seit): S. A. Strauss (U.O.V.S.

Sekr. (Dir. van Publikasies): J. C. Potgieter (P.U.)

Pgm.: C. F. Louw (U.P.-Bui- muurs).

Dir. van Kulturele Aange- leenthede: J. C. Lötter (U.P. Binnemuurs).

Dir. van Studie: C. J. Malan (P.U.)

Dir. van Buitelandse Stu- dentebetrekkinge: J. S. Barnard (U.P.-Buitemuurs).

Dir. van Toere: P. J. Lombard (Stellenbosch).

Add. lid (Dir. van Sport): J. N. v. Vuuren (U.O.V.S.)

(Vervolg van bls. 1, kol. 1).

Saamtrek.

'n Verdere oorweging wat aan die Hoofbestuur opgedra is, is die moontlikhede van 'n groot Kongressaamtrek wat gereeld een of tweemaal jaarliks moet geskied. Dit sal dan in die vorm van 'n groot vakansiekamp-ge- skied waar die Afrikaanse stu- dente kontak met mekaar kan kry deur middel van fakulteits- kongresse, kulturele kompetisies (foto-uitstallings, toneelfeeste, volkspele ens.) en nog kan ont- span deur aan sportkompetisies deel te neem. Vir hierdie doel is dan ook nuwe departemente ge- vorm soos die van sport en kul- tuur terwyl ou departemente 'n nuwe taak opgelê is soos die van studie en navorsing.

„Dit was by uitstek 'n reorga- nisasiekongres wat na dade en aktiwiteit gestrewe het in plaas van na woorde en beleids- formulering”, het die oud-presi- dent mnr. de Klerk verklaar.

EXCELSIOR MEUBELS

Kerkstraat 132. Foon 743.

POTCHEFSTROOM.

Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne

MEUBELWINKEL IN WES-TRANVAAL

te kom besigtig.

Dit sal vir u 'n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

(Vervolg van bls. 3, kol. 3).

slagsdrang wat geleidelik tot normale ontwikkeling sou kom, word so beklemtoon dat dit lei tot 'n abnormale geslagsontwik- keling en -beskouing wat hul dik- wels die reinwitte blom van die jeug met modder besmet.

Genoeg! Ek noem nie eers die prikkelpoppe wat ons ka- mermure versier en seksbeluste rolprente nie—altesaam 'n don- ker-vuil stroom wat uit god- delose harte ontspring en seks- beswymdes in dolle vaart mee- sleur na die waterpoele van verderf.

En nou die vraag: Wat kan ons teen hierdie toenemende eu- wel doen? Moet ons dit oog- luikend toelaat of met betraande oë in magtelose woede op ons tande kners? Moet ons onself troos met dié woorde wat sekere persone onlangs uitgespreek het: „Seks is netsoos 'n verkoue: daar kan niks aan gedoen word nie?” Ons as studente van hier- die universiteit, as studerende jeug van die land moet 'n lands- wye protesgeroep laat hoor teen hierdie tydskrifte en boeke waarin hoerery, ontug, seksuele wanpraktyke, egskeiding en vrye liefde op skaamtelose wyse ge- propageer word. Die tyd het lankal ryp geword om by rege- ringsweë aan te dring op die verbanning van hierdie walglike lektuur.

Maar tog sal so 'n gesamentlike optrede kragteloos wees as elke individu nie ook die snymes op homself toepas nie. Soos 'n Job moet elkeen met sy oë 'n ver- bond sluit om hierdie lektuur nie eers aan te sien nie. Hy wat meen dat hy lewenservaring op- doen deur die lees van genoem- de boeke is dwaas. Die terslink- se aanskouing van een prent en die lees van een sin kan die ge- dagte prikkel om 'n reeks van verleidende gedagtes in aansyn te roep en kan hom onherroeplik in die verderf instort.

Daarom voel ons gewetes so beswaard voor God as ons een van hierdie boeke opneem om daaruit te lees of daarna te kyk.

Dankie vir opname,

C. J. MALAN.

Studente!!!

Vir al u

HANDBOEKE, SKRYFBENODIGDHEDE, LEERTASSE, GESKENKE, ENS.

besoek ons en wees verseker van goeie diens.

UNIE-BOEKHANDEL

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 90.

Foon 497.

ELKE DAG VARS! TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir BRUIDSKOEKE

LUCILLE DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.

Kerkstraat 146,

POTCHEFSTROOM.

TOETS JOU OË

by

M. SINGER

F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS

by die

MOOIRIVIER APTEEK

KERKSTRAAT 155,

Foon 380 POTCHEFSTROOM.

PLAZA

TEEKAMER

Foon 249 Kerkstraat 105

POTCHEFSTROOM.

Studente!

U word beskou as eregaste in die

• PLAZA •

en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

T. WEVER

BOEKHANDEL

en

ANTIkwARIAAT

vir al u

Wetenskaplike

Boeke

—:o:—

Volkskasgebou

Telefoon 1164.

Kerkstraat 62.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN

FIETSREPARASIES

REMBRANDT-MAATSKAPPY MAAK WERELDGESKIEDENIS

EERSTE MET VOLLENGTE FILTERMONDSTUKSIGARET

Het u al daaraan gedink hoe moeilik dit is om met enigiets eerste in die wêreld te wees? Hierdie besondere prestasie is deur Rembrandt behaal met Rembrandt VAN RIJN Filter de Luxe—die eerste vollengte filtermondstuksigaret in die wêreld!

Rembrandt VAN RIJN Filter de Luxe is al etlike maande gereed vir bemarking, maar die maatskappy het eers sorgvuldige smaak- en bemarkingstoetse alhier en in die buiteland uitgevoer alvorens met volskaalse produksie begin is. Die eerste van hierdie sigarette is na die buiteland uitgevoer met die woorde „First in the world” op die naat van die sigaret.

Die buitepersoneel is toe na die Paarl ontbied vir samesprekings en die nodige opdragte, en voorrade is na die verskillende dele van die land gestuur. Sedert verlede week is Rembrandt VAN RIJN Filter de Luxe-sigarette oor die hele Unie en Suidwes-Afrika beskikbaar.

PRESTASIE

Hierdie vollengte filtersigarette is 'n prestasie op ingenieursgebied. Tot nou to was alle filtersigarette van standaardlengte en het vervaardiging geskied met behulp van twee masjiene. Een masjien het eers die gedeelte met tabak vervaardig, 'n tweede masjien het dan die tabak- en filtertermateriale met 'n strokie kurk aan mekaar geheg.

NUWE PROSES

Hierdie proses van vervaardiging was egter tydrowend en het die lengte van filtersigarette beperk. Die nuwe metode van vervaardiging skakel die aanmeekaarsit van tabak- en filtermateriale op afsonderlike masjiene uit en vervaardig die vollengte filtermondstuksigarette in een aaneenlopende proses—drie keer vinniger as die ou metode wat vir standaard filtersigarette in gebruik was.

Die verskyning van die eerste vollengte filtersigaret is onder meer een van die vrugte van die besoeke wat die besturende direkteur, tegniese direkteur en sekretaris van die maatskappy in die afgelope twee jaar aan Europa en Amerika gebring het.

(Oorgeneem uit: „Eikestadnuus”).

'n Grap is 'n Garp

Menige student het die afgelope vakansie tot sy leedwese 'n sogenaamde „bloubrief” gekry. As sulke studente egter die onderstaande gelees het, dink ek dat hulle veel beter sal voel.

Uit betroubare bron word vernem dat Mevrouw Hamersma die afgelope vakansie 'n „bloubrief” gekry het waarin vermeld word dat indien haar seun, Doktor Hamersma, nie verbeter in Boekhou I in die tweede semester nie, hy derhalwe nie toegelaat sal word om eksamen af te lê in die genoemde eerstejaarskursus nie.


Hiermee dan ons simpatie aan Dr. Hamersma. Ons hoop hy kry dit reg om sy bestaande jaarpunt van 14% te verhoop. Sterkte vir die toekoms.

Met vreugde word opgemerk die vermeerdering in die aantal motors van studente op die P.U.-gronde

Met leedwese word egter opgemerk die vermeerdering van die aantal voëltjies wat snags bokant dié motors in die bome slaap.

Swemseisoen Nader Vinnig

Daar word gefluister dat die swemseisoen op 1 September amptelik begin. Bostaande is die Universiteits-swembad.



Waar is Tee-steel, Balkonsang en Serenades

Ons studentelewe is besig om te kwyn! Die algemene studentegees is besig om te daal na 'n onrusbarende laagtepunt! Die termometer van ons entoesiasme val na vriespunt!! Een oomblik organiseer ons 'n massafiek en die volgende moment is dit 'n totale mislukking!!!

Waar lê die fout?

Ons verteenwoordiger het verskeie studente se opinie oor hierdie kwessie genader en hier volg 'n paar menings.

„DIS ONS EIE SKULD”.

„Die jare toe ons nog prestige moest bou het ons studente geveg daarvoor. Vrug daarvvan was 'n kerngesonde studentegees. Gesamentlike opoffering was nodig, die eenheid moes ten alle koste bewaar word want ons was klein. Nou dat ons groot is, is ons selfvoldaan. Die ewewig het verlore gegaan, ons het perspektief verloor.

Ons is dus self geroepe om die hand in eie boesem te steek en te hervorm. Gaan skreeu dan nou liewers Theos oor die doellyn as om te fliek, —en moenie die Tekkies vergeet nie, hulle behoort ook aan ons—sing liewers mekaar dood vanaf die balkonne as om in die kamers te lê, gaan skoffel

liewers 'n konsentrasiekampkerkhof as om laat te slaap, woon liewers Korps by, as om na Lourenza Marques te luister”! aldus Mnr. Victor D'Assonville.

Maar lees wat Mnr. Fivaz, U.O.D.-student se opinie is: „Waarom mag ons nie meer die dames se tee gaan steel nie? Hoekom word Thaba n'Kulu nie meer „geseid” nie? Hoekom, waarom mag ons nie meer „serenade” nie? Is dit 'n raaisel waarom daar spanning tussen die mans en dames bestaan? Jong, ek sê vir jou, ons is besig om in 'n „glorified high school” te ontwikkel . . . en ek is ernstig”!

INISIATIEF VERLOOR.

„Dit is 'n kenmerk van die jeug van vandag dat eie inisiatief tot gesonde tydverdryf verlore gegaan het. In 'n eeu van meganisasie en spesialisasie toon die jongmans slegs inisiatief in 'n eie gespesialiseerde rigting”, verklaar

Mnr. Piet. Pelzer. Hy is van mening dat die studente vandag skreeu vir brood en spele, en instansies skaamteloos beskuldig dat dié nie ontspanning reel nie. Met die gevolg dat die mans selfs hulle ridderlikheid kwyt geraak het teenoor die skoontes en nou verwag dat andere weer harmonie hier moet reg tower. Hy vervolg: „Vandaar dat die meeste studente wag om gesonde tydverdryf te ontvang, i.p.v. die inisiatief in eie hande terug te gryp. Vandaar die gebrek aan gesonde tydverdryf, wat die dood van enige sterk studentegees is”.

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-
Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde
JAMAL MASJIENLOOS PERM

Bekwame Mans-afdeling.
Sigarette en Fantasia Goedere.

Dames en Here!

Besoek vir nette
behandeling

„DIE BULT
HAARKAPPERS”

Foon 1486.

Tomstraat 55 - Potchefstroom

ONS VERSKAF DIE VOLGENDE P.U.-KLEURE:

- Kleurbaadjies (a) KLAARGEMAAK £8/5/0
(b) SNYERSMAAK £9/7/6
- Voetbaltruie
- Voetbalkouse
- Alle Sportbenodigdhede

U IS ALTYD WELKOM BY ONS.

UNIE-WINKELS BPK.

Foon 22-4746. Kerkstraat 45a,
JOHANNESBURG

DAMES, BESOEK

LE CHARME

DIE MODERNE DAMES MODESAAK.

NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE.

'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur,” maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry

10% korting op alle inkope.

Dames-hokkie Wreek Intervarsitie-neerlaag

GRAHAMSTAD.

Met die hokkietoernooi wat gedurende die Julie vakansie plaasgevind het is die louere deur Rhodes en Kaapstad weggedra. Hoewel ons damespan saam met U.O.V.S. sesde plek verower het was hulle besonder ongelukkig om die knie voor Maties te buig en gelykop te speel teen U.O.V.S.

Nadat hulle die oggend teen Ikeys gespeel het was ons dames vasberade om die „Outjies” die middag op hulle knieë te dwing. Sowat het die Pukke nog nooit gespeel nie. Gedurende die jongste intervarsitie is die Pukspan met 5-0 oorrompel. En so’n pak wou die Pukke ten alle koste vermy.

Dit was ook amper so. Tot enkele minute voor die eindfluitjie was die Pukke voor met 2-1. Dog ’n opportunistiese doel het die „Outjies” gelyk laat loop met Puk. Eindtel-ling 2 elk. Ina se dodelike verdediging was ’n glanspunt van die wedstryd.

In die wedstryd teen Maties het die Pukke teen alle verwagtinge netnie daarin geslaag om ’n oorwinning te behaal nie. Fransie se spel in die gat verdien om met eer vermeld te word.

Rhodes se vriendelikheid en

THEOS LOOP VOOR

Met hulle jongste oorwinning oor Dorp (6-3) staan Theos nou in ’n goeie kans om die Neserbeker vanjaar te verower. Theos is op die oomblik voor op die punteleer met Normaal tweede.

Struikelblok.

Western Reefs is egter die grootste struikelblok in die pad van Theos om seker te maak van die Neser. Hierdie wedstryd vind die 23ste Augustus plaas. Die probleem is dat Theos weer sonder ’n paar staatmakers op die veld sal moet draf want Wes-Transvaal speel dieselfde dag ’n Curriebeker-wedstryd.

Verdere bepalings:

P.U. v. P.O.K. op 27 Aug.
P.U. v. P.O.K. op 13 Sept.
P.U. v. Klerksdorp op 20 Sept.
Finaal vir Blainebeker op 27 Sept.

NAVORSING VORDER NOG ’N STAP.

Met die aanstelling van Mnr. P. J. Jongbloed as instrument-maker is ’n lang gekoesterde ideaal uiteindelik verwesenlik. Navorsing in die onderskeie natuurwetenskappe aan ons Universiteit kan nou met groter sukses, akkuraatheid en spoed ge-
doen word.

Mnr. Jongbloed was hoof van die instrumentmakery aan die Vrye Universiteit van Amster-
dam. Hy moes onder andere die hele instrumentmakery van die Vrye Universiteit van die grond af opbou nadat dit deur die af-
geloop oorlog verwoes is. Die uit-
vinding waarop Dr. P. Stoker sy doktorsgraad behaal het is ook deur Mnr. Jongbloed gebou.

Hierdie groot voorwaartse stap is ’n direkte gevolg van die Uni-
versiteitsraad wat £3,000 vir die instrumentmakery beskikbaar ge-
stel het.

Die apparaat sal na verneem word alles uit Holland, Duitsland en Switserland bestel word.

Mnr. Jongbloed se werkswinkel word in die fisikalaboratorium ingerig.

Sy gade en twee kindertjies het hulle saam met hom in Potchef-
stroom kom vestig.

D.F.E.

gasvryheid word geloof. Behalwe ’n dinee, uitstappies en ’n for-
mele dans is ’n tipiese boere-
braaivleis vir die spelers gereël.

INTERVARSITIE- DATUM.

Na heelwat onderhandeling met U.P. se Studenteraad is die da-
tum vir die komende intervarsit-
tie met Tukkie nou finaal bepaal
vir 30 Augustus.

VERRASSING?

Na uit betroubare bron ver-
neem word het die Tukkie glo
„’n verrassing” vir ons. Gerugte
as sou ons betreklik vroeg en on-
verwags deur hulle verras gaan
word met ’n massa inval is die
jongste wat uitgelek het.

SPORTBETREK- KINGE MET WITS

Na ’n uitnodiging van die Universiteit van Witwatersrand aan die P.U. om weereens sportbetrekkinge met hulle aan te knoop, het die plaaslike Studenteraad besluit dat daar weer in die toekoms kragte gemeet sal word op die sportvelde.

Daar is egter deur die Stu-
denteraad besluit dat nie meer as
twee spanne op een dag sal speel
nie, anders kan dit later dalk in
’n Intervarsity ontlaar. Alhoewel
Wits se doel met die uitnodiging
gemik is op ’n latere Intervarsity,
is dit die beleid van die P.U. om
geen Intervarsity met genoemde
universiteit te hou nie.

VOORUITGANG?

„Dit is duidelik dat hierdie
stap ’n definitiewe vooruit-
gang van ons sport sal wees”—
aldus Mnr. Styger, die voetbal-
kaptein.

As gevolg van die gebrek aan
beskikbare datums, sal Theos nie
vanjaar ’n wedstryd teen Univer-
siteit Witwatersrand speel nie.
Die W.T.R.U. het egter ’n wed-
stryd gereël tussen die twee
O.19-spanne van die twee inrig-
tings wat binne afsienbare tyd sal
plaasvind.

SPYSKAART

(P.U.-dames).

ONTBYT:

Swartpap en koeivog (min of
geen suiker).

Geheimsinnigheidsballetjies
(ontrafel aan die tafel, ontkleed
terwyl u eet).

Brood en „vicks”.

’n Vloeistof om by vaste stow-
we af te sluk.

MIDDAGETE:

Gebraaide sole.

Donderbessies, gravel, smashed
potatoes.

Wit olifant en geel blousel.

Boorgatsous.

AANDETE:

Eensame kommas

Brood (eergister s’n, ghries en
spykerbalsem).

Weer boorgatsous.


Tee oftewel ’n vloeistof—
Skiet terwyl die laaste slukkie
vloeistof nog worstel om ’n
landing te vind.

Die Raaisel van die Eeue

Simbabwe se massiewe mure
bevat tussen 80,000 en 100,000
ton graniet wat bestaan uit
groot opeengestapelde blokke
wat net rofweg agerond is.
Seker die treffendste gedeelte
van hierdie ou ruïnes is die
bostaande toring wat 31 voet
hoog is en ’n basiese omtrek
van 58 voet het.

Die Simbabwe wat „groot
huis” beteken, is, hoewel die
mees imponerende, nie die
enigste van sy soort in Suid
Rhodesië nie. Bykans ’n drie-
kwart eeu van spekulasie en
navorsing was tot nog toe nie
daartoe in staat om ’n bevredigende antwoord op die vraag na die tyd wanneer, deur wie en waarvoor hierdie ontsaglike
bouwerk opgerig is, te gee nie.
Die feit dat geen inskripsie ont-
dek is binne of in die omge-
grootste oorsaak dat weten-
skaplike ondersoek nie kan
vorder nie.

Bostaande foto is deur Die
Wapad fotograaf geneem ty-
dens die besoek van die Ala-
bama aan die ruïnes gedurende
hulle afgelope toer deur Suid-
Rhodesië.



Beter Tabak *

maak Beter Sigarette



Kommando

Suid-Afrika se

gewildote sigaret

Die Vervaardigers van Kommando is die grootste ver-
bruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

Ondersteun ’n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT,
L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van ’n
Aptek verlang word.

KOM SIEN ONS—

vir u

Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede

GEEN & VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

BEYERS CLAASSEN

Fotograaf

ONS NEEM U FOTO, ONTWIK-
KEL SPOELE EN MAAK
VERGROTINGS.

Kom kyk hoe van fotografie
’n KUNS gemaak word.

ATELJEE: Kerkstraat 10.
TELEFOON: 1441.

CORNER FRUIT STORE

Hoek van—Corner of
Kerk- en Retief Sts.

For— Vir—

Better Fruit
and
Vegetables

Beter Vrugte
en
Groente.

Phone—118—Foon